# Ruach Bediening Nuusbrief

Desember 2024

Sarel en Gerda Reinecke

## In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ..... 1
2. Gebedsterapie sessies in Desember 2024 ..... 2
3. Getuienisse ..... 2
   a. Vir wie gaan jy heuning wees – juis in 2025? ..... 3
   b. God said 2025 ..... 3
   c. Watter herinneringe gaan jy maak in 2025? ..... 4
   d. Hoe om te navigeer deur die eindtyd ..... 4
4. So terloops ..... 5
   a. My dokter ..... 5
   b. 'n Bottel heuning ..... 5
   c. Ouma se busrit ..... 6
5. Beplanning vir volgende maande ..... 6
6. Beplanning vir 2025 ..... 6
7. Woord in Aksie kampe - Pretoria ..... 7
8. Bybelskool ..... 7
9. Afsluitings Gebed ..... 8


## 1. Gedagte vir die maand

**Wat gaan jou spreek taal, "spreuke" wees vir 2025?**

**Spreuke 18:21**

Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.





**Daarom spreek ons die volgende oor julle uit vir 2025:**

In die troonsaal van die Here is julle name genoem! Daar waar julle voetstappe nog nooit getrap het nie, daar het julle name weergalm tussen die uitroepe van Heilig , Heilig , Heilig is die Here van die Leërskare! Aangaande julle het daar 'n bevel uitgegaan en kyk julle uitkoms sal spoedig wees.

Ons bid dat julle oë sal aanskou dit waarvoor julle die Here vertrou het.
Ons bid dat julle hande sal vashou, dit wat julle in gebed van die Here gevra het!
Ons bid dat die Here julle sal salf met vars olyfolie, gepars in die troonsale van God!

Dat die Here in julle midde oorvloed sal instuur, soos goud gelouter uit Sy troonsale!
Mag Sy genade soos golwe, soos bruisende water, in julle midde uitspruit!
Ons bid die rykste seën, daardie spesiale seën, daardie keur en uitsoek seën, die bederf seëninge van die Here oor julle af!
Wees dan nou geseënd in Jesus Naam!
Baie liefde seëninge.
Sarel en Gerda Reinecke



Die Bybel is:

- Die reisiger se padkaart
- Die pelgrim se staf
- Die loods se kompas
- Die soldaat se swaard
- Die christen se landkaart, 'n myn van rykdom, 'n paradys van heerlikheid en 'n rivier van genot

**2.** *Gebedsterapie sessies in Desember 2024*

| | |
|---|---|
| 51 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 2 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 28 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 8 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 0 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 0 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 89 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

**3.** *Getuienisse*




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:
(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)




**<u>Getuienis 1</u>**: Iemand stuur die vir my, met wie ek al 'n paar jaar 'n pad stap:

**Getuienis 2:** Die dag toe my kleinseun in ons kerk as baba opgedra is aan GOD, was jy 'n profesie oor sy lewe uitgespreek. Hy sal eendag mense in die Naam van Jesus gesond maak. Nou soveel jare later en ons kan net verstom staan en die HERE LOOF EN PRYS. Dankie vir julle aandeel en "input" in my kinders se lewe. Die Here seën julle arbeid en toegeweidheid. Dankie.

## a. Vir wie gaan jy heuning wees - juis in 2025?



In die vorige eeu word John Carmicheal, aangestel as die pastoor van 'n gemeente in die Skotse platteland. Hy was onseker van homself en hoewel hy hard gewerk en sy preke goed voorberei het, het hy dikwels op die kansel vasgehaak.

Een middag hoor hy 'n klop aan sy deur. Die ouderlinge het iemand afgevaardig om namens hulle te kom praat. Die jong dominee het verwag om van ontslaan te word. Toe nie.

Die boodskap aan hom was: “Ons sien jy kry swaar, maar jy kan weet dat wanneer jy volgende Sondag na ons toe afkyk, jy vir jouself kan sê, hulle het my baie lief!” Hierdie ouderling het sy roeping verstaan. Die uiteinde van hierdie bemoediging was dat John in sy werk begin blom het en later een van die mees gewaardeerde leraars in Skotland geword het.

Daar is soveel krag in wat jy vandag vir ander gaan sê.
Onthou asb:

- Spreuke 12:25 “Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op.”
- Spreuke 16:24 “Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.”

Het jy gesien dat daar geen kwalifikasie in die uitsprake is nie?
Dit is waar van elke mens, ook van elkeen van ons.

## b. God said 2025




Die “Prophet’s Round Table” vergader jaarliks om die hart van die Here Jesus te hoor oor Suid Afrika en ander lande.
Isa 55:11 so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Ek plaas ‘n paar aanhalings uit die boek:

Page 34 “Intercessors are encouraging to seek the Lord’s face and pray for His grace and mercy for Pastors and Leaders. The enemy has a hidden agenda towards leaders in 2025.”

Page 58 “The President of South Africa will consider stepping aside; a new President will be elected”

Page 74 “Many Christian men and women will understand that sport is a gift and ministry to use their influence in a broken world with broken athletes”

Page 78 “A warning that the Hartbeespoort Dam walls might crack and burst is concerning. Such an event could lead to severe flooding and mudslides, putting the lives and livelihoods of those living in low-lying areas at risk. Necessary pre-cautions to ensure safety should be taken”

## c. Watter herinneringe gaan jy maak in 2025?

Vandag wil ek iets met julle deel wat my baie diep geraak het. Ek is betrokke by Laerskool Warmbad se landloop.

So het ons gister op Groblersdal gaan deelneem. Een van ons atlete, Kaila Germishuys, 0/9 dogter sou aanvanklik nie gehardloop het nie, maar sy was vasbeslote om te gaan hardloop. So is daar vir haar tekkies gekoop want sy wil hardloop.



Voor die wedloop was sy maar lekker benoud, maar ek het met haar gepraat en laat verstaan ons hardloop omdat ons dit wil geniet, en as ons dit geniet doen ons ons beste, as ons ons beste doen, dan geniet ons dit. So het hulle weggespring op hulle 2 km wedloop.

Ek het egter agter gekom ek kry haar nie gesien nie, hardloop toe na 'n ander punt om beter te kan sien. Wat ek toe sien het my oë vol trane laat skiet. Hier is hierdie klein nege jarige dogtertjie besig om 'n ander kind van 'n ander skool te dra, want die roete het dorings gehad, en die ander dogter moes kaalvoet hardloop. Ongelukkig was ek net te stadig en te vêr om hierdie oomblik op kamera te kon vasvang.

Toe ek nader aan haar kon kom, het sy hartstogtelik gehuil want een van die seuns wat as beampte opgetree het, het vir haar gesê sy mag nie die ander atleet help nie. Ek het toe vir haar gesê dat sy mag, dit is haar besluit of sy nou maar net wil klaar maak, of wil sy haar gaan help. Sy het dadelik omgedraai en terug gehardloop na die ander dogter toe, haar hand gevat en saam met haar verder gehardloop. Toe ek haar weer verder op die baan sien, het sy haar weer opgetel en gedra.Sy het haar toe gelos toe sy sien die doring gedeeltes is verby, en die wedloop voltooi.

Is dit nie 'n les vir elkeen vir ons vandag nie. Maak nie saak wie jy is, agtergrond, ras, skool? Daar was iemand in nood, wat hulp nodig gehad het, sy was bereid om haar prestasie prys te gee om te help. Ek salueer jou vandag Kaila. Wat 'n voorbeeld is jy nie vir ons almal nie? Aan die ouers, Kobus en Angi, julle kan baie trots wees op haar, wat 'n voorbeeld van kinders groot maak met waardes. Ek gaan vir haar Maandag 'n medalje voor die hele skool gee.

*(Met Erkenning Diederick Reinecke)*

## d. Hoe om te navigeer deur die eindtyd




Dr Raymond se topverkoper is nou nog beter as tevore. Met meer as 40 nuwe bladsye met opgedateerde verwysings en uitgebreide insigte maak dit 'n ongelooflike boek om alles te leer oor hoe om deur die eindtyd te navigeer. Meer as 360 vraag-en-antwoorde en splinternuwe inleidende video's vir elke hoofstuk maak dit so maklik om God se tydlyn in hierdie boek te volg. Hierdie boek, **HOE OM TE NAVIGEER DEUR DIE EINDTYD**, verduidelik in vraag- en antwoord formaat hoe die toekoms in die vervulling van Bybelprofesie daarna uitsien.

**Meer as 360 vrae oor die eindtyd en toekomstige gebeure word helder en duidelik met Skrifbewyse uit die Bybel beantwoord.**

- Wat is die tekens van die eindtyd?
- Wat is die Wegraping van die Kerk?
- Wat is die Groot Verdrukking?
- Wie is die 144 000 van Openbaring 7?
- Wat is die gruwel van die verwoesting?
- Wat is die verskil tussen die Wegraping en die sigbare wederkoms van Christus?
  - Wie is die Antichris en valse profeet in die eindtyd?
- Wat is die getal 666 in Openbaring 13?
- Wie is die twee getuies van Openbaring 11?
- Wat is Israel se rol in eindtydgebeure?
- Wat beteken die getalle sewentig sewes en 1335 dae in die boek Daniel?
- Hoe moet ons die Israel-Palestynse kwessie verstaan?
- Hoe kan ek my geestelik voorberei op die Wegraping?
- Waar is die Paradys nou geleë?
- Wat gebeur tydens die regterstoel van Christus en die groot wit troon oordeel?
- Wie is die mense wat buite die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde woon?

EN NOG VELE MEER.... **HARDEKOPIE - SAGTEBAND BOEK**

## **4.** So terloops ....

### a. My dokter

As my dokter weer sê dat ek minder vleis en meer groente moet eet, stuur ek vir hom die foto...
en ek plak, net om dubbel seker te maak, vir ma se kennisname, dit ook in die kombuis op 😱😃



### b. 'n Bottel heuning



## c. Ouma se busrit




'n Ouma het 'n bus van Kaapstad na Johannesburg gevat.
Sy sê toe vir die busbestuurder hy moet haar sê wanneer hulle by Colesberg is en die bestuurder knik sy kop.
Toe vra die ouma vir die passasiers of hulle wil hoor wat sy wil vertel.
Almal sê: "Ja ouma".
Op die lang reis raak die mense aan die slaap in die bus en vergeet van die ouma se versoek.
Na 'n hele paar ure se ry met Johannesburg naby en Colesberg al ver agter vra die ouma vir die bestuurder, "My kind, is ons nog nie by Colesberg nie?".
Die bestuurder sê: "Eish ouma... ons is al n hele paar ure verby Colesberg ".
Die passasiers kry die ouma jammer en stem in dat die bestuurder moet om draai en die ouma Colesberg toe neem.
By Colesberg maak die bestuurder die deur oop vir die ouma en sê: "Ons is nou by Colesberg ouma".
Die ouma maak eenvoudig haar handsak oop en haal twee panado pilletjies uit en drink dit met water.
Toe glimlag sy en sê: "Dankie my kind. My dogter het gesê as ons by Colesberg kom moet ek twee pille drink. Ons kan nou maar weer ry".

## 5. Beplanning vir volgende maande

| **MIDDELBURG** | **NYLSTROOM** | **DELMAS** |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| Geen | Geen | 2 Desember |

## 6. Beplanning vir 2025

| **MIDDELBURG** | **NYLSTROOM** | **DELMAS** |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2025** | **2025** | **2025** |
| Geen | 23 & 24 Januarie | 20 Januarie |
| 7 & 8 Februarie | 20 & 21 Februarie | 17 Februarie |
| 7 & 8 Maart | 27 & 28 Maart | 3 Maart |
| 11 & 12 April | 24 & 25 April | 24 April |
| 9 & 11 Mei | 22 & 23 Mei | 5 Mei |
| 6 & 7 Junie | 19 &20 Junie | 9 Junie |
| 4 & 5 Julie | 24 & 25 Julie | 23 Julie |
| 8 & 9 Augustus | 14 & 15 Augustus | 11 Augustus |
| 5 & 6 September | 18 & 19 September | 8 September |
| 3 & 4 Oktober | 30 & 31 Oktober | 20 Oktober |

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| 7 & 8 November | Geen Besoek | 10 November |
| Geen | Geen Besoek | 1 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881




## 8. Bybelskool



## 9. Afsluitings Gebed

**Christus is ons vrede vir 2025**

Daar het destyds 'n man met die naam van Simeon in Jerusalem gewoon. Hy het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Toe die ouers die Kindjie Jesus na die tempel gebring het, het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê (Luk. 2:29-30): "Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, omdat my oë u verlossing gesien het."

Let op hoe dikwels Jesus, en sy koms, met vrede gekoppel is. Die profeet Jesaja het geprofeteer dat Jesus sou kom. Hy het gesê (Jes. 9:5) Vir ons is 'n Seun gebore, ... en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Toe Jesus honderde jare later gebore is, was daar skaapwagters in die veld. Skielik was daar engele wat God geprys het (Luk. 2:14): "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het."

Met sy eerste preek sê Jesus (Matt. 5:9): "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." Hy sê vir sy dissipels wat die evangelie gaan verkondig (Luk. 10:5): "En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: 'Vrede vir hierdie huis!'"

Kort nadat Jesus opgestaan het uit die dood was sy dissipels saam en Jesus het aan hulle verskyn. Sy eerste woorde was (Joh. 20:26): "Vrede vir julle!"

Om in vrede met ander te leef is vir Jesus baie belangrik (Matt. 5:23-24): "As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe." Dus, moenie vra dat God jou moet vergewe voor jy nie met jou broer vrede gemaak het nie.
Die ware vrede kom van God en Hy gee dit in oorvloed (Fil. 4:7): En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. As jy aan God behoort, woon sy Gees in jou. Vrede is die vrug van die Gees (Gal. 5:22). God word die God van vrede genoem (1 Tess. 5:23).

Sonde het die vrede tussen God en mens, en tussen mense onderling, vernietig. Elke dag hoor ons van moorde en aanvalle deur selfmoordbomme wat onskuldige mense se lewens eis. Maar dit stop nie daar nie. Die hartseer van families is onbeskryflik en kinders moet dikwels dan sonder ouers grootword. Die wêreld sou 'n veel beter plek gewees het as die mense net wou luister na wat die God van vrede sê.

Vir God is vrede só belangrik dat Hy sy Seun Jesus daarvoor geoffer het (Kol. 1:20): Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel. Vir ons sonde het Jesus, van God verlaat, 'n verskriklike dood aan die kruis gesterf sodat God ons nooit sal verlaat nie, sodat ons vrede met God en met ander mense sal hê.

Soos wat Simeon met die Kindjie Jesus gedoen het, neem Jesus óns nou in sý arms. Ons kan in vrede sterf, want (Ef. 2:14): Christus is ons vrede.

Here Jesus, help ons om in alles wat ons doen, U te eer in 2025.
Werk asseblief deur U Heilige Gees in ons harte, dat ons U vrede sal ervaar. Amen.

*(Gratis e-pos en/of WhatsApp boodskappe weekliks van gertberning@gmail.com. Gert Berning by https://sites.google.com/view/Gert-berning-sites, YouTube en Christelike Lektuurfonds)*

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God